



Insake: Art.25 Grondwetwysiging – openbare deelname.

Voorlegging aan die parlementêre komitee se sitting op Rustenburg - 19 Julie 2018.

1. Ek is Michael Johannes Lombard en verteenwoordig hiermee die Geloftevolks Koördineringskomitee [ook bekend as die GKK].
2. Ons komitee verteenwoordig die deel van die Afrikaner Boerevolk wat in Suid-Afrika gebore is en daarmee inheems is en burgerskap besit.
3. Ons assosieer ons direk met:
 - a. Die Volksplanting van Protestantse vlugteling uit Europa sedert 1652 en die gepaardgaande 1654 Gelofte.
 - b. Die Groot Trek wat gedurende 1837 begin het;
 - c. Die Gelofte van 9-16 Desember 1838 en die daaropvolgende Slag van Bloedrivier.
 - d. Die Paardekraal Gelofte van 1880.
 - e. Die twee vryheidsoorloë gedurende 1880-1902, tussen Brittanje en twee Boererepublieke nl. Die Zuid-Afrikaansche Republiek en Die Republiek van die Oranje Vrystaat.
 - f. Die Vredesverdrag van Vereniging van 1902 aangegaan tussen die twee Boererepublieke en Brittanje.
4. Ons steun glad nie die beoogde wysiging van artikel 25 nie, vir die volgende redes.
 - a. Die gemenerereg asook die Internasionale reg geensins die beoogde wysiging kan akkomodeer nie.
 - b. Die regspleging is al vir die afgelope 20 jaar in die proses om die toepassing en aanwending van hierdie artikel te ontwerp deur gehoor te gee aan die stem van die bevolking, die beoogde wysiging

van artikel 25 is 'n aanduiding dat die regering nou bereid is om die stem van sy bevolking te ignoreer.

- c. Die huidige onteieningswet is nog steeds nie gewysig nie en moet dit eers geskied alvorens die beoogde wysiging van artikel 25 kan plaasving.
5. Die beoogde wysiging sal direk indruis teen ons as volk se bestaansreg en roeping, naamlik:
- a. Ons vryheidsmanifes is gefundeer in die Geloofte van Bloedrivier en bevestig met die aflegging en vervulling van die Paardekraal Geloofte van 1880 waardeur die grongebied van Transvaal, deur God Almagtig aan die burgers van die ZAR terugbesorg is.
 - b. Die Paardekraal Geloofte was 'n herbevestiging van die Bloedrivier gelofte, en het bepaal dat indien ons God ons die oorwinning oor die vyand sou gee, ons vir Hom 'n Huis sal Stig waar dit Hom sal behaag. Volgens die Bybel kom die stigting van 'n Huis neer op die totstandkoming van 'n Volksregering onder Bybelse wette.
 - c. Die verdere verloop van die Vryheidsoorloë dui daarop dat Transvaal en die Vrystaat by wyse van die Geloftes aan die Afrikaner Boerevolk toegeken is as die grondgebied waar die Huis gestig moet word.
 - d. Met die sluiting van die vrede van Vereniging staan Brittanje selfregering toe aan Transvaal en die Vrystaat en bevestig dat dit aan die Burgers van die onderskeie Boererepublieke behoort.
6. Die beoogde wysiging is 'n aantasting van die inhoud, uitleg en toepaslike aanwending van die twee God gegewe Geloftes soos aangegaan tussen God en Sy Volk.
7. Die GKK dank die regering vir die geleentheid om ons as Geloftesvolk se verpligtinge statutêr te kon liaseer.
8. Aan God Almagtig al die eer.